

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA  
GOVERNMENT GAZETTE  
STAATSKOERANT  
VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REGULATION GAZETTE No. 1622

Registered at the Post Office as a Newspaper

PRICE 10c PRYS  
OVERSEAS 15c OORSEE  
POST FREE — POSVRY

REGULASIEKOERANT No. 1622

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

VOL. 83]

PRETORIA, 5 MAY 1972

[No. 3486

### PROCLAMATIONS

by the State President of the Republic of South Africa

No. R. 113

5 May 1972

EXEMPTION OF CERTAIN PERSONS FROM THE PROVISIONS OF SECTION 10 OF THE POPULATION REGISTRATION ACT, 1950 (ACT 30 OF 1950)

In terms of section 21 of the Population Registration Act, 1950 (Act 30 of 1950), I hereby exempt, for an indefinite period, from the provisions of section 10 (2), (3) and (4) of the said Act any person who has consented to the taking up, by any person to whom an identity document has been issued, of permanent residence on any premises belonging to him or any other person.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town this Tenth day of April, One thousand Nine hundred and Seventy-two.

J. J. FOUCHÉ, State President.

By Order of the State President-in-Council:

T. J. A. GERDENER.

No. R. 114

5 May 1972

EXEMPTION OF BANTU FROM CERTAIN PROVISIONS OF THE POPULATION REGISTRATION ACT, 1950 (ACT 30 OF 1950)

In terms of section 21 of the Population Registration Act, 1950 (Act 30 of 1950), I hereby exempt persons who are classified or must be classified as Bantu under the said Act, for an indefinite period from the provisions of section 6 (2), paragraphs (d), (h), (l) and (m) of section 7 (1), read with section 7 (2), and sections 10, 13 and 14 of the said Act.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town this Tenth day of April, One thousand Nine hundred and Seventy-two.

J. J. FOUCHÉ, State President.

By Order of the State President-in-Council:

T. J. A. GERDENER.

A—74888

### PROKLAMASIES

van die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika

No. R. 113

5 Mei 1972

VRYSTELLING VAN SEKERE PERSONE VAN DIE BEPALINGS VAN ARTIKEL 10 VAN DIE BEVOLKINGSREGISTRASIEWET, 1950 (WET 30 VAN 1950)

Kragtens artikel 21 van die Bevolkingsregistrasiewet, 1950 (Wet 30 van 1950), verleen ek hierby vir 'n onbepaalde tydperk vrystelling van die bepalings van artikel 10 (2), (3) en (4) van genoemde Wet aan enigeen wat aan iemand aan wie 'n identiteitsdokument uitgereik is, toestemming verleen het tot permanente intrek op 'n perseel wat aan hom of iemand anders behoort.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hierdie Tiende dag van April Eenduisend Negehonderd Twee-en-sewentig.

J. J. FOUCHÉ, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

T. J. A. GERDENER.

No. R. 114

5 Mei 1972

VRYSTELLING VAN BANTOES VAN SEKERE BEPALINGS VAN DIE BEVOLKINGSREGISTRASIEWET, 1950 (WET 30 VAN 1950)

Kragtens artikel 21 van die Bevolkingsregistrasiewet, 1950 (Wet 30 van 1950), verleen ek hierby vir 'n onbepaalde tydperk vrystelling van die bepalings van artikel 6 (2), paragrawe (d), (h), (l) en (m) van artikel 7 (1), saamgelees met artikel 7 (2), en artikels 10, 13 en 14 van genoemde Wet aan persone wat ingevolge gemelde Wet as Bantoe geklassifiseer is of moet word.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hierdie Tiende dag van April Eenduisend Negehonderd Twee-en-sewentig.

J. J. FOUCHÉ, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

T. J. A. GERDENER.

1—3486

D. J. G. Botesch

No. R. 115

5 May 1972

**EXEMPTION OF CERTAIN PERSONS FROM THE PROVISIONS OF SECTION 7 OF THE IDENTITY DOCUMENTS IN SOUTH-WEST AFRICA ACT, 1970 (ACT 37 OF 1970)**

In terms of section 12 of the Identity Documents in South-West Africa Act, 1970 (Act 37 of 1970), I hereby exempt, for an indefinite period, from the provisions of section 7 (2), (3) and (4) of the said Act any person who has consented to the taking up, by a person to whom an identity document has been issued, of permanent residence on any premises belonging to him or any other person.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town this Tenth day of April, One thousand Nine hundred and Seventy-two.

J. J. FOUCHÉ, State President.

By Order of the State President-in-Council:

T. J. A. GERDENER.

No. R. 116

5 May 1972

**PRODUCTION OF IDENTITY DOCUMENTS**

In terms of section 14 (4) of the Population Registration Act, 1950 (Act 30 of 1950), I hereby declare that section 14 (1), (2) and (3) of the said Act relating to peace officers shall apply *mutatis mutandis* to the persons or classes of persons specified in the Schedule and under the circumstances specified therein.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town on this the Second day of February One thousand Nine hundred and Seventy-two.

J. J. FOUCHÉ, State President.

By Order of the State President-in-Council:

T. J. A. GERDENER.

No. R. 115

5 Mei 1972

**VRYSTELLING VAN SEKERE PERSONE VAN DIE BEPALINGS VAN ARTIKEL 7 VAN DIE WET OP IDENTITEITSDOKEUMENTE IN SUIDWES-AFRIKA, 1970 (WET 37 VAN 1970)**

Kragtens artikel 12 van die Wet op Identiteitsdokumente in Suidwes-Afrika, 1970 (Wet 37 van 1970), verleen ek hierby vir 'n onbepaalde tydperk vrystelling van die bepalings van artikel 7 (2), (3) en (4) van genoemde Wet aan enigeen wat aan iemand aan wie 'n identiteitsdokument uitgereik is, toestemming verleen het tot permanente intrek op 'n perseel wat aan hom of iemand anders behoort.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hierdie Tiende dag van April Eenduisend Negehonderd Twee-en-sewintig.

J. J. FOUCHÉ, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

T. J. A. GERDENER.

No. R. 116

5 Mei 1972

**TOON VAN IDENTITEITSDOKEUMENTE**

Kragtens artikel 14 (4) van die Bevolkingsregistrasiewet, 1950 (Wet 30 van 1950), verklaar ek hierby dat die bepalings van artikel 14 (1), (2) en (3) van genoemde Wet betreffende vredesbeamptes *mutatis mutandis* van toepassing is met betrekking tot die persone of klasse persone in die Bylae vermeld en onder die omstandighede daarin vermeld.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hierdie Tweede dag van Februarie Eenduisend Negehonderd Twee-en-sewintig.

J. J. FOUCHÉ, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

T. J. A. GERDENER.

**SCHEDULE**

Persons or classes of persons to whom the said section 14 of the Act shall apply	Circumstances under which the powers conferred by the said provisions may be exercised	Persons in respect of whom the said powers may be exercised
(a) Heads of schools, universities, colleges and other educational institutions.	At the enrolment or registration of a scholar or student.	A scholar or student who is being enrolled or registered.
(b) Marriage officers.....	At the solemnization of a marriage.....	The two parties to a marriage.
(c) Officials and persons who in terms of any road traffic ordinance issue licences to drive a vehicle or who are authorised to inquire whether such licences have been issued to persons or not or who are authorised to note endorsements, suspensions and cancellations on such licences.	On application for a licence to drive a vehicle or when inquiries are made whether such licences have been issued or not or when endorsements, suspensions or cancellations must legally be noted on such licences.	Persons who apply for licences to drive vehicle or to whom such licences have been issued and affixed in their identity documents.
(d) Police officers and other officials who issue licences to possess arms or who are authorised to inquire whether such licences have been issued to persons.	On application for a licence to possess an arm or when inquiries are made whether licences to possess arms have been issued or not.	Persons who apply for licences to possess a arm or to whom licences to possess an arm have been issued and affixed in their identity documents.
(e) Persons appointed as enumerators in terms of the regulations made under the Electoral Consolidation Act 1946 (Act 46 of 1946).	On application to be registered as a voter in terms of the said Act.	Persons who apply for registration as voters

## BYLAE

Personne of klasse persone met betrekking tot wie gemelde artikel 14 van die Wet van toepassing is	Omstandighede waaronder bevoegdheede by gemelde bepalings verleen, uitgeoefen kan word	Personne met betrekking tot wie vermelde bevoegdheede uitgeoefen kan word
(a) Hoofde van skole, universiteite, kolleges en ander opvoedkundige instellings.	By die inskrywing of registrasie van 'n leerling of student.	'n Leerling of student wat ingeskryf of geregistreer word.
(b) Huweliksbevestigers.....	By die bevestiging van 'n huwelik.....	Die twee partye in 'n huwelik.
(c) Beampies en persone wat kragtens enige ordonnansie op padverkeer lisenies om 'n voertuig te bestuur, uitreik of wat gemagtig is om ondersoek in te stel of sodanige lisenies aan persone uitgereik is al dan nie, of wat gemagtig is om endorsements, opskortings en intrekings op sodanige lisenies aan te bring.	By aansoek om 'n lisenie om 'n voertuig te bestuur of wanneer ondersoek ingestel word of sodanige lisenies uitgereik is al dan nie, of wanneer endorsements, opskortings en intrekings wettiglik op sodanige lisenies aangebring moet word.	Personne wat aansoek doen om lisenies om 'n voertuig te bestuur of aan wie sodanige lisenies uitgereik en in hulle identiteitsdokumente aangebring is.
(d) Polisiebeampies en ander beampies wat lisenies om 'n wapen te besit, uitreik of wat gemagtig is om ondersoek in te stel of sodanige lisenies aan persone uitgereik is.	Op aansoek om 'n lisenie om 'n wapen te besit of wanneer ondersoek ingestel word of sodanige lisenies om 'n wapen te besit uitgereik is al dan nie.	Personne wat aansoek doen om lisenies om 'n wapen te besit of aan wie lisenies om 'n wapen te besit uitgereik en in hulle identiteitsdokumente aangebring is.
(e) Personne wat as naamopnemers aangestel is ingevolge die regulasies uitgevaardig kragtens die Wet tot Konsolidasie van die Kieswette, 1946 (Wet 46 van 1946).	Op aansoek om as kieser geregistreer te word kragtens vermelde Wet.	Personne wat aansoek doen om as kiesers geregistreer te word.

No. R. 117

5 May 1972

## PRODUCTION OF IDENTITY DOCUMENTS

In terms of section 8 (4) of the Identity Documents in South-West Africa Act, 1970 (Act 37 of 1970), I hereby declare that section 14 (1), (2) and (3) of the said Act relating to peace officers shall apply *mutatis mutandis* to the persons or classes of persons specified in the Schedule and under the circumstances specified therein.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town on this the Second day of February, One thousand Nine hundred and Seventy-two.

J. J. FOUCHÉ, State President.

By Order of the State President-in-Council:

T. J. A. GERDENER.

No. R. 117

5 Mei 1972

## TOON VAN IDENTITEITSDOKUMENTE

Kragtens artikel 8 (4) van die Wet op Identiteitsdokumente in Suidwes-Afrika, 1970 (Wet 37 van 1970), verklaar ek hierby dat die bepalings van artikel 14 (1), (2) en (3) van genoemde Wet betreffende vredesbeampies *mutatis mutandis* van toepassing is met betrekking tot die personne of klasse persone in die Bylæ vermeld en onder die omstandighede daarin vermeld.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hierdie Tweede dag van Februarie Eenduisend Negehonderd Twee-en-sewentig.

J. J. FOUCHÉ, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

T. J. A. GERDENER.

## SCHEDELE

Persons or classes of persons to whom the said section 14 of the Act shall apply	Circumstances under which the powers conferred by the said provisions may be exercised	Persons in respect of whom the said powers may be exercised
(a) Heads of schools, universities, colleges and other educational institutions.	At the enrolment or registration of a scholar or student.	A scholar or student who is being enrolled or registered.
(b) Marriage officers.....	At the solemnization of a marriage.....	The two parties to a marriage.
(c) Officials and persons who in terms of any road traffic ordinance issue licences to drive a vehicle or who are authorised to inquire whether such licences have been issued to persons or not or who are authorised to note endorsements, suspensions and cancellations on such licences.	On application for a licence to drive a vehicle or when inquiries are made whether such licences have been issued or not or when endorsements, suspensions or cancellations must legally be noted on such licences.	Persons who apply for licences to drive a vehicle or to whom such licences have been issued and affixed in their identity documents.
(d) Police officers and other officials who issue licences to possess arms or who are authorised to inquire whether such licences have been issued to persons.	On application for a licence to possess an arm or when inquiries are made whether licences to possess arms have been issued or not.	Persons who apply for licences to possess an arm or to whom licences to possess an arm have been issued and affixed in their identity documents.
(e) Persons appointed as enumerators in terms of the regulations made under the Electoral Consolidation Act, 1946 (Act 46 of 1946).	On application to be registered as a voter in terms of the said Act.	Persons who apply for registration as voters.

## BYLAE

Personne of klasse persone met betrekking tot wie gemelde artikel 14 van die Wet van toepassing is	Omstandighede waaronder bevoegdhede by gemelde bepalings verleen, uitgeoefen kan word	Personne met betrekking tot wie vermelde bevoegdhede uitgeoefen kan word
(a) Hoofde van skole, universiteite, kolleges en ander opvoedkundige inrigtings.	By die inskrywing of registrasie van 'n leerling of student.	'n Leerling of student wat ingeskryf of geregistreer word.
(b) Huweliksbevestigers.....	By die bevestiging van 'n huwelik.....	Die twee partye in 'n huwelik.
(c) Beampies en persone wat kragtens enige ordonnansie op padverkeer lisensies om 'n voertuig te bestuur, uitreik of wat gemagtig is om ondersoek in te stel of sodanige lisensies aan persone uitgereik is al dan nie, of wat gemagtig is om endossemente, opskortings en intrekings op sodanige lisensies aan te bring.	By aansoek om 'n lisensie om 'n voertuig te bestuur of wanneer ondersoek ingestel word of sodanige lisensies uitgereik is al dan nie of wanneer endossemente, opskortings en intrekings wettiglik op sodanige lisensies aangeteken moet word.	Personne wat aansoek doen om lisensies om 'n voertuig te bestuur of aan wie sodanige lisensies uitgereik en in hulle identiteitsdokumente aangebring is.
(d) Polisiebeampies en ander beampies wat lisensies om 'n wapen te besit, uitreik of wat gemagtig is om ondersoek in te stel of sodanige lisensies aan persone uitgereik is.	Op aansoek om 'n lisensie om 'n wapen te besit of wanneer ondersoek ingestel word of lisensies om 'n wapen te besit uitgereik is al dan nie.	Personne wat aansoek doen om lisensies om 'n wapen te besit of aan wie lisensies om 'n wapen te besit uitgereik en in hulle identiteitsdokumente aangebring is.
(e) Personne wat as naamopnemers aangestel is ingevolge die regulasies uitgevaardig kragtens die Wet tot Konsolidasie van die Kieswette, 1946 (Wet 46 van 1946).	Op aansoek om as kieser geregistreer te word kragtens vermelde Wet.	Personne wat aansoek doen om as kiesers geregistreer te word.

## GOVERNMENT NOTICES

## DEPARTMENT OF THE INTERIOR

No. R. 748

5 May 1972

## REGULATIONS IN TERMS OF THE POPULATION REGISTRATION ACT, 1950 (ACT 30 OF 1950)

The State President has, in terms of section 20 of the Population Registration Act, 1950 (Act 30 of 1950), made the following regulations:

1. Any expression to which a meaning has been assigned in the Population Registration Act, 1950 (hereinafter referred to as the Act) has that meaning wherever such expression appears in these regulations, and unless the context indicates otherwise, "driver's licence" means a licence to drive a vehicle issued or valid under or by virtue of an ordinance of a Provincial Council or the Legislative Assembly of the territory of South-West Africa.

2. (1) The particulars to be supplied for the purposes of section 9 (1) of the Act shall be furnished—

(a) in the case of a person under the age of 16 years, on Form B-I 8 in the Schedule; and

(b) in the case of a person of 16 years and older, on Form B-I 9 in the Schedule.

(2) The birth certificate of a person born outside the Republic or South-West Africa shall be submitted; if his birth certificate is not obtainable he, or, in the case of a minor, his guardian, shall submit an affidavit in which his full first names and surname, the date and place of his birth and the full names of his parents are furnished.

(3) A person married outside the Republic or South-West Africa shall submit his/her marriage certificate or if his/her marriage certificate is not obtainable he/she shall submit an affidavit in which his/her full first names and surname, the full first names of his/her wife/husband and the date and place of the marriage are furnished and in which it is stated whether they were married by or without antenuptial contract.

(4) A birth certificate, marriage certificate or affidavit thus submitted shall be filed by the Secretary together with the documents of the person concerned.

## GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

## DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE

No. R. 748

5 Mei 1972

## REGULASIES KAGTENS DIE BEVOLKINGSREGISTRASIEWET, 1950 (WET 30 VAN 1950)

Die Staatspresident het kragtens artikel 20 van die Bevolkingsregistrasiewet, 1950 (Wet 30 van 1950), die volgende regulasies uitgevaardig:

1. Enige uitdrukking waaraan 'n betekenis in die Bevolkingsregistrasiewet, 1950 (hieronder die Wet genoem) geheg word, het daardie betekenis waar bedoelde uitdrukking ook al in hierdie regulasies voorkom, en tensy dit met die samehangstrydig is, beteken "bestuurderslisensie", 'n lisensie om 'n voertuig te bestuur, wat uitgereik of geldig is kragtens of uit hoofde van 'n ordonnansie van 'n provinsiale raad of die Wetgewende Vergadering van die gebied Suidwes-Afrika.

2. (1) Die besonderhede wat verstrek moet word vir die doeleindes van artikel 9 (1) van die Wet word aangegee—

(a) in die geval van 'n persoon onder die ouderdom van 16 jaar, op Vorm B-I 8 in die Bylae; en

(b) in die geval van 'n persoon van 16 jaar en ouer, op Vorm B-I 9 in die Bylae.

(2) Die geboortesertifikaat van 'n persoon wat buite die Republiek of Suidwes-Afrika gebore is, moet verskaf word; indien sy geboortesertifikaat nie bekombaar is nie moet hy, of in die geval van 'n minderjarige persoon, sy voog, 'n beëdigde verklaring indien, waarin sy volle voorname en van, die datum en plek van sy geboorte en die volle name van sy ouers verstrek word.

(3) 'n Persoon wat buite die Republiek of Suidwes-Afrika getroud is, moet sy/haar huweliksertifikaat verskaf; indien sy/haar huweliksertifikaat nie bekombaar is nie moet hy/sy 'n beëdigde verklaring indien waarin sy/haar volle voorname en van, die volle name van sy/haar egenote/eggenoot en die datum en plek van die huwelik verstrek word en waarin gemeld word of hulle op of sonder huweliksvoorwaardes getroud is.

(4) 'n Geboortesertifikaat, huweliksertifikaat of beëdigde verklaring wat aldus verskaf of ingedien word, moet deur die Sekretaris by die betrokke persoon se dokumente gebêre word.

3. An application for an identity document referred to in section 13 (1) of the Act shall be made—

(a) in the case of a person under the age of 16 years, on Form B-I 8 in the Schedule; and

(b) in the case of a person of 16 years and older, on Form B-I 9 in the Schedule.

4. Any person to whom an identity document for persons under the age of 16 years has been issued, shall, after attaining that age, apply on Form B-I 11 in the Schedule for an identity document for persons of 16 years and older and shall submit the identity document which has been issued to him, together with the application, unless satisfactory reasons are furnished in writing why such identity document cannot be returned.

5. If any person has lost his identity document or if it has been damaged or stolen, or if a driver's licence or a licence to possess an arm contained therein, has been cancelled, or if the person has contracted a second or subsequent marriage, or if the person's particulars have been altered in terms of the Births, Marriages and Deaths Registration Act, 1963, or any regulation made in terms of that Act, the Secretary shall issue to such person a duplicate of his identity document on receipt of—

(a) an application on Form B-I 11 in the Schedule; and

(b) the sum of R2 unless the replacement is necessitated by an amendment in respect of which an amount has already been paid in terms of the regulations promulgated under the Births, Marriages and Deaths Registration Act, 1963, or by the amendment of the person's nationality, or by the fact that the holder contracted a second or further marriage; and

(c) two copies of a recent photograph of the person; and

(d) the identity document issued to the person, unless satisfactory reasons are furnished in writing why such identity document cannot be returned.

6. An identity document for a person under the age of 16 years shall be issued on Form B-I 1 in the Schedule and an identity document for a person of 16 years and older shall be issued on Form B-I 2 in the Schedule.

7. The copies of the photographs referred to in section 16 of the Act shall comply with the following requirements:

(a) There shall be no white border.

(b) The outside measurements shall be as follows:

Height—40 mm.

Width—30 mm.

(c) They shall be black-and-white and the background shall be plain and free of shadows.

(d) No grains shall be visible.

(e) Only the head and shoulders of the person shall be included in the photograph and the head in the final print shall not be smaller than 22 mm and not larger than 25 mm from the chin to the top of the hair.

(f) (i) The person shall be photographed without any head covering or veil and any other additions to the face which tend to alter the natural likeness shall be removed: Provided that the Secretary may exempt any person or category of persons from these requirements.

3. Aansoek om 'n identiteitsdokument soos bedoel in artikel 13 (1) van die Wet word gedoen—

(a) in die geval van 'n persoon onder die ouderdom van 16 jaar, op Vorm B-I 8 in die Bylae; en

(b) in die geval van 'n persoon van 16 jaar en ouer, op Vorm B-I 9 in die Bylae.

4. Iemand aan wie 'n identiteitsdokument vir persone onder die ouderdom van 16 jaar uitgereik is, moet na bereiking van daardie ouderdom aansoek doen op Vorm B-I 11 in die Bylae om 'n identiteitsdokument vir persone van 16 jaar en ouer en moet die identiteitsdokument wat aan hom uitgereik is saam met die aansoek instuur, tensy bevredigende redes waarom die identiteitsdokument nie teruggestuur kan word nie, skriftelik verstrek word.

5. Indien iemand se identiteitsdokument weggeraak het of gesteel of beskadig is, of indien 'n bestuurderslisensie of 'n lisensie om 'n wapen te besit wat in die dokument vervat is, gekanselleer is, of indien die persoon 'n tweede of verdere huwelik aangegaan het, of indien die persoon se besonderhede gewysig is ingevolge die Wet op die Registrasie van Geboortes, Huwelike en Sterfgevalle, 1963, of enige regulasie kragtens daardie Wet uitgevaardig, moet die Sekretaris aan sodanige persoon 'n duplikaat van sy identiteitsdokument uitreik by ontvang van—

(a) 'n aansoek op Vorm B-I 10 in die Bylae; en

(b) 'n bedrag van R2,00 tensy die vervanging nodig is weens 'n wysiging waarvoor 'n bedrag reeds betaal is ingevolge die regulasies uitgevaardig kragtens die Wet op die Registrasie van Geboortes, Huwelike en Sterfgevalle, 1963, of weens die verandering van die persoon se nasionaliteit, of weens die feit dat die houer 'n tweede of verdere huwelik aangegaan het; en

(c) twee eksemplare van 'n onlangse foto van die persoon; en

(d) die identiteitsdokument wat aan die persoon uitgereik is, tensy bevredigende redes skriftelik verstrek word waarom die identiteitsdokument nie teruggegee kan word nie.

6. 'n Identiteitsdokument vir 'n persoon onder die ouderdom van 16 jaar moet op Vorm B-I 1 in die Bylae en 'n identiteitsdokument vir 'n persoon van 16 jaar en ouer moet op Vorm B-I 2 in die Bylae uitgereik word.

7. Die eksemplare van die foto's vermeld in artikel 16 van die Wet moet aan die volgende vereistes voldoen:

(a) Hulle moet geen wit rand hê nie.

(b) Die buitemate moet soos volg wees:

Hoogte—40 mm.

Breedte—30 mm.

(c) Hulle moet swart-en-wit wees en die agtergrond moet onversier en sonder skaduwees wees.

(d) Geen korrels moet daarop sigbaar wees nie.

(e) Net die kop en die skouers van die persoon moet in die foto ingesluit word en die kop op die finale afdruk moet van die ken tot bo-op die hare nie kleiner as 22 mm en nie groter as 25 mm wees nie.

(f) (i) Die persoon moet sonder enige hoofbedekking of sluier gefotografeer word en enigets anders aangebring aan die gesig wat die natuurlike ewebeeld verander, moet verwyder word: Met dien verstande dat die Sekretaris enige persoon of enige kategorie persone van enige van hierdie vereistes kan vrystel.

(ii) Spectacles may be worn unless the colour of the lenses is so dark that it makes the eyes invisible: Provided that spectacles with dark-coloured lenses may be worn where the eyes will appear distorted without them, and in the case of a blind person.

(g) The full face of the person shall be photographed directly from the front and the head may not be bent or turned sideways.

(h) The face shall be a recognisable likeness of the person and the head, eyebrows, eyes, nose and moustache or beard, if any, shall be sharply and clearly defined.

8. The identity number referred to in section 6 of the Act shall consist of 13 digits and shall be compiled as follows:

1	2	3	4	5	6	7	8	9	10	11	12	13
---	---	---	---	---	---	---	---	---	----	----	----	----

(a) The first six digits represent the date of birth, namely digits 1 and 2 the year of birth, digits 3 and 4 the month of birth and digits 5 and 6 the day of birth.

(b) Digits 7 to 10, inclusive, are a serial number from 0001 to 9999. Serial numbers 0001 to 4999 are allocated to female persons and numbers 5000 to 9999 to male persons.

(c) Digits 11 and 12 represent the population group to which the person belongs and his nationality, as follows:

Population group	S.A. citizen	Non-S.A. citizen
(i) White.....	00	10
(ii) Cape Coloured.....	01	11
(iii) Malay.....	02	12
(iv) Griqua.....	03	13
(v) Chinese.....	04	14
(vi) Indian.....	05	15
(vii) Other Asiatic.....	06	16
(viii) Other Coloured.....	07	17

(d) Digit 13 is a control number calculated arithmetically according to the preceding 12 digits.

9. (1) Any person referred to in section 10 (1) of the Act shall notify the Secretary on the relevant portion of Form B-I 3 in the Schedule of any permanent change of his ordinary place of residence or postal address.

(2) After receipt of such notification the Secretary shall issue to such person an acknowledgement on the relevant portion of Form B-I 3 in the Schedule on which his new place of residence and postal address are reflected as they appear in the register.

(3) If such acknowledgement is not received within 14 days from the date on which the Secretary was notified of the change of address or if such acknowledgement is received but subsequently lost, the person referred to in subregulation (1) shall notify the Secretary in writing to this effect.

(4) The person referred to shall ensure that the acknowledgement is inserted at the back of the relevant identity document, as indicated.

(5) The person who consented to the taking up of residence on any premises shall, subject to section 10 (2) of the Act, request the person to whom such consent was given to furnish him with the identity number, surname and initials and date of birth of every person who has taken up permanent residence on such premises and to whom an identity document has been issued, and to produce to him the acknowledgement referred to in subregulation (2) in respect of every such person.

(ii) 'n Bril kan gedra word tensy die kleur van die lense so donker is dat dit die oë onsigbaar maak: Met dien verstande dat 'n bril met donkerkleurige lense gedra kan word as die voorkoms van die oë daarsonder vervorm sal voorkom of as die persoon blind is.

(g) Die volle gesig van die persoon moet reg van voor gefotografeer word en die kop mag nie gebuig wees of skuins gehou word nie.

(h) Die gesig moet 'n herkenbare ewebeeld van die persoon wees en die kop, hare, winkbroue, oë, neus en snor of baard, as daar is, moet skerp en duidelik omlyn wees.

8. Die identiteitsnommer bedoel in artikel 6 van die Wet bestaan uit 13 syfers en word soos volg saamgestel:

1	2	3	4	5	6	7	8	9	10	11	12	13
---	---	---	---	---	---	---	---	---	----	----	----	----

(a) Die eerste ses syfers duis die geboortedatum van die persoon aan, naamlik syfers 1 en 2 die jaar van geboorte, syfers 3 en 4 die maand van geboorte en syfers 5 en 6 die dag van geboorte.

(b) Syfers 7 tot en met 10 is 'n volgnommer van 0001 tot 9999. Volgnommers 0001 tot en met 4999 word aan vroulike persone toegeken en nommers 5000 tot en met 9999 aan manlike persone.

(c) Syfers 11 en 12 duis die bevolkingsgroep waaraan die persoon behoort en sy burgerskap soos volg aan:

Bevolkingsgroep	S.A. burger	Nie-S.A. burger
(i) Blanke.....	00	10
(ii) Kaapske Kleurling.....	01	11
(iii) Maleier.....	02	12
(iv) Griekwa.....	03	13
(v) Sjinesees.....	04	14
(vi) Indiëer.....	05	15
(vii) Ander Asiaat.....	06	16
(viii) Ander Gekleurde.....	07	17

(d) Syfer 13 is 'n kontrolenommer wat rekenkundig bereken word volgens die voorafgaande 12 syfers.

9. (1) 'n Persoon soos bedoel in artikel 10 (1) van die Wet moet die Sekretaris op die toepaslike deel van Vorm B-I 3 in die Bylae in kennis stel van enige permanente verandering van sy gewone verblyfplek of posadres.

(2) Na ontvangs van sodanige kennisgewing moet die Sekretaris 'n ontvangs bewys aan die persoon uitrek op die toepaslike deel van Vorm B-I 3 in die Bylae waarop sy nuwe woonadres en posadres soos dit in die register geregistreer is, aangetoon word.

(3) Indien sodanige ontvangs bewys nie ontvang word nie binne 14 dae vanaf die datum waarop kennis van verandering van adres aan die Sekretaris gegee is of indien dit na die ontvangs daarvan verlore geraak het, moet die persoon bedoel in subregulasie (1) die Sekretaris daarvan skriftelik in kennis stel.

(4) Die bedoelde persoon moet toesien dat die ontvangs bewys op die aangewese plek egter in die betrokke identiteitsdokument geplaas word.

(5) Die persoon wat toestemming verleen het tot die intrek in enige perseel moet, behoudens artikel 10 (2) van die Wet, die persoon aan wie sodanige toestemming verleent is, versoek om die identiteitsnommer, van en voorletters en die geboortedatum van elke persoon wat sy vaste intrek in sodanige perseel geneem het en aan wie 'n identiteitsdokument uitgereik is, aan hom te verskaf en die ontvangs bewys bedoel in subregulasie (2) ten opsigte van elke sodanige persoon aan hom voor te lê.

(6) The person to whom consent to his taking up residence was given shall, within 30 days from the date of such request, furnish the required information and produce the acknowledgement referred to to the person who consented to his taking up residence.

(7) The person to whom the acknowledgement is produced shall check whether the residential address which appears thereon is the same as the address of the premises on which the person concerned has taken up residence.

(8) If the person who consented to the taking up of residence has ascertained that any person who has taken up residence on the premises mentioned has not notified the Secretary of the change of his place of residence or if he cannot ascertain whether such person has done so or not, he shall, subject to section 10 (3) of the Act, notify the Secretary on Form B-I 102 in the Schedule that those premises are the place of residence of such person.

10. The Secretary shall, when he is required to do so, affix the following certificates and licences in an identity document:

(a) A marriage certificate on Form B-I 29 in the Schedule to the regulations promulgated in terms of the Births, Marriages and Deaths Registration Act, 1963;

(b) a death certificate on Form B-I 101 in the Schedule to the regulations promulgated in terms of the Births, Marriages and Deaths Registration Act, 1963;

(c) a copy of a licence to possess an arm issued in terms of the Arms and Ammunition Act, 1969;

(d) a free driver's licence on Form B-I 52 in the Schedule to these regulations;

(e) a certificate of marital status in the case of a divorce on Form B-I 40 in the Schedule to these regulations; and

(f) a certificate of marital status in the case of a widow or widower on Form B-I 42 in the Schedule to these regulations.

11. An examiner for drivers' licences referred to in any ordinance pertaining to road traffic, shall affix a driver's licence, which must be affixed in an identity document, on the relevant form prescribed by regulation in terms of such ordinance in the identity document of the person concerned.

12. A police officer shall affix a licence to possess an arm, which must be affixed in an identity document and which has been issued in terms of the Arms and Ammunition Act, 1969, in the identity document of the person concerned.

13. A marriage officer shall affix a marriage certificate, which must be affixed in an identity document, on Form B-I 27 in the Schedule to the regulations promulgated in terms of the Births, Marriages and Deaths Registration Act, 1963, in the identity document of the person concerned.

14. A Registrar of Births and Deaths shall affix a death certificate, which must be affixed in an identity document, on Form B-I 13 in the Schedule to the regulations promulgated in terms of the Births, Marriages and Deaths Registration Act, 1963, in the identity documents of the person concerned.

15. (1) Certificates of particulars contained in an identity document may be issued by any magistrate, any official in a regional office of the Department of the

(6) Die persoon aan wie toestemming tot intrek verleen is, moet binne 30 dae vanaf die datum van sodanige versoek die verlangde inligting verskaf en die bedoelde ontvangsbewys voorlê aan die persoon wat toestemming tot intrek verleen het.

(7) Die persoon aan wie die ontvangsbewys voorgelê word, moet nagaan of die woonadres wat daarop verskyn dieselfde is as die adres van die perseel waarin die betrokke persoon ingetrek het.

(8) Indien die persoon wat toestemming tot intrek verleen het aldus vasstel dat iemand wat in genoemde perseel ingetrek het nie die Sekretaris van die verandering van sy woonadres in kennis gestel het nie, of indien hy nie kan vasstel of sodanige persoon dit gedoen het al dan nie, moet hy die Sekretaris, behoudens artikel 10 (3) van die Wet, op Vorm B-I 102 in die Bylae in kennis stel dat daardie perseel die verblyfplek van sodanige persoon is.

10. Wanneer dit van hom verlang word, moet die Sekretaris die volgende sertifikate en lisensies in 'n identiteitsdokument aanbring:

(a) 'n Huweliksertifikaat op Vorm B-I 29 in die Bylae van die regulasies uitgevaardig kragtens die Wet op die Registrasie van Geboortes, Huwelike en Sterfgevalle, 1963;

(b) 'n sterftesertifikaat op Vorm B-I 101 in die Bylae van die regulasies uitgevaardig kragtens die Wet op die Registrasie van Geboortes, Huwelike en Sterfgevalle, 1963;

(c) afskrif van 'n lisensie om 'n wapen te besit uitgereik kragtens die Wet op Wapens en Ammunisie, 1969;

(d) 'n kosteloze bestuurderslisensie op vorm B-I 52 in die Bylae van hierdie regulasies;

(e) 'n sertifikaat van huwelikstaat in die geval van 'n egskeiding op Vorm B-I 40 in die Bylae van hierdie regulasies; en

(f) 'n sertifikaat van huwelikstaat in die geval van 'n weduwee of wewenaar op Vorm B-I 42 in die Bylae van hierdie regulasies.

11. 'n Toetsbeampte vir bestuurderslisensie soos bedoel in enige ordonnansie op padverkeer, moet 'n bestuurderslisensie, wat in 'n identiteitsdokument aangebring moet word, op die toepaslike vorm wat by regulasie kragtens sodanige ordonnansie op padverkeer voorgeskryf is, in die identiteitsdokument van die betrokke persoon aanbring.

12. 'n Polisiebeampte moet 'n lisensie om 'n wapen te besit, wat in 'n identiteitsdokument aangebring moet word, en wat kragtens die Wet op Wapens en Ammunisie, 1969 uitgereik is, in die identiteitsdokument van die betrokke persoon aanbring.

13. 'n Huweliksbevestiger moet 'n huweliksertifikaat, wat in 'n identiteitsdokument aangebring moet word, op Vorm B-I 27 in die Bylae van die regulasies, uitgevaardig kragtens die Wet op die Registrasie van Geboortes, Huwelike en Sterfgevalle, 1963, in die identiteitsdokument van die betrokke persoon aanbring.

14. 'n Registrateur van Geboortes en Sterfgevalle moet 'n sterftesertifikaat wat in 'n identiteitsdokument aangebring moet word, op Vorm B-I 13 in die Bylae van die regulasies uitgevaardig kragtens die Wet op die Registrasie van Geboortes, Huwelike en Sterfgevalle, 1963, in die identiteitsdokument van die betrokke persoon aanbring.

15. (1) Sertifikate van besonderhede wat in 'n identiteitsdokument vervat is, kan uitgereik word deur 'n landdros, 'n beampte in 'n streekkantoor van die Departement van Binnelandse Sake met die rang van Administratiewe

Interior of and above the rank of administrative officer and any official or category of officials in the Public Service authorised by the Secretary thereto, concerning—

- (a) personal particulars of the holder;
- (b) the marriage of the holder;
- (c) the death of the holder; and
- (d) any licence to possess an arm issued to the holder.

(2) Such certificates shall be issued on Form B-I 43 in the Schedule.

(3) No such certificate shall be issued unless the relevant identity document is produced at the same time to the magistrate or official, as the case may be.

(4) Every such certificate signed by a magistrate or official authorised thereto in terms of subregulation (1) shall serve as proof of the personal particulars or particulars of the marriage or death of the holder of the identity document or of a licence to possess an arm issued to the holder of the identity document and shall in all courts of law and public offices be *prima facie* evidence of the particulars set forth therein.

16. The Secretary may in his discretion post a person's identity document to him or, if he is under the age of 16 years, to his guardian, or hand it to him or such guardian or a person authorised thereto in writing by the person or guardian.

17. Any person authorised thereto in writing by the Secretary, may, when it comes to his notice that an identity document was issued to a person in error, seize such identity document, and the person to whom such identity document was issued, or the guardian of a person under the age of 16 years, or any person who is in possession of such identity document shall surrender it forthwith to the first-mentioned person.

18. (1) When a person under the age of 16 years is immunised against poliomyelitis or smallpox in terms of any Act or when inquiries are made whether such person has been so immunised, his parent or guardian shall submit the person's identity document to the medical practitioner, immunising officer, other official or person who is authorised to carry out such immunisation or to make such inquiries.

(2) As soon as a person under the age of 16 years has been finally immunised against poliomyelitis or smallpox, the medical practitioner or immunising officer who carried out the immunisation shall complete the relevant certificate in the person's identity document in duplicate, namely, the certificate on pages 2A/2C in the case of poliomyelitis or the certificate on pages 3A/3C in the case of smallpox.

(3) Such medical practitioner or immunising officer shall, after he has completed the relevant certificate, remove page 2C or page 3C, as the case may be, from the identity document and post it to the Secretary.

(4) When a person under the age of 16 years has been exempted from immunisation, the authorised officer shall complete the relevant certificate on either pages 2A/2C or pages 3A/3C, remove page 2C or 3C, as the case may be, from the person's identity document and post it to the Secretary.

19. Any person who contravenes or fails to comply with any provision of regulation 9 or 17 shall be liable, on conviction, to a fine not exceeding one hundred rand or imprisonment for a period not exceeding six months.

20. These regulations replace the regulations contained in Government Notice R. 178 of 1 February 1963, as amended.

beampte of hoer en 'n beampte of kategorie beamptes in die Staatsdiens wat deur die Sekretaris daartoe gemagtig is, aangaande—

- (a) die persoonlike besonderhede van die houer;
- (b) die huwelik van die houer;
- (c) die sterfte van die houer; en
- (d) enige lisensie om 'n wapen te besit wat aan die houer uitgereik is.

(2) Sodanige sertifikate moet op vorm B-I 43 in die Bylae uitgereik word.

(3) Geen sodanige sertifikaat word uitgereik nie tensy die betrokke identiteitsdokument terselfdertyd aan die landdros of beampte, na gelang van die geval, voorgelê word.

(4) Elke sodanige sertifikaat onderteken deur 'n landdros of 'n beampte wat ingevolge subregulasie (1) daartoe gemagtig is, dien as bewys van die persoonlike besonderhede of besonderhede van die huwelik of sterfte van die houer van die identiteitsdokument of van 'n lisensie om 'n wapen te besit, wat aan die houer van die identiteitsdokument uitgereik is, en is in alle geregshewe en openbare kantore *prima facie*-bewys van die besonderhede daarin vervat.

16. Die Sekretaris kan na goeddunke 'n persoon se identiteitsdokument aan hom of, indien hy onder die ouderdom van 16 jaar is, aan sy voog pos of aan hom of sodanige voog of iemand wat skriftelik deur die persoon of voog daartoe gemagtig is, oorhandig.

17. Enigeen wat deur die Sekretaris skriftelik daartoe gemagtig is, kan, wanneer dit onder sy aandag kom dat 'n identiteitsdokument verkeerdelik aan iemand uitgereik is, beslag lê op sodanige identiteitsdokument, en die persoon aan wie sodanige identiteitsdokument uitgereik is of die voog van iemand onder die ouderdom van 16 jaar of enigiemand wat in besit van sodanige identiteitsdokument is, moet dié identiteitsdokument onverwyld aan sodanige eersgenoemde persoon oorhandig.

18. (1) Wanneer 'n persoon onder die ouderdom van 16 jaar ooreenkomsdig enige Wet teen poliomielitis of pokkies geïmmuniseer word en wanneer ondersoek ingestel word of sodanige persoon aldus geïmmuniseer is, moet sy ouer of voog die persoon se identiteitsdokument voorlê aan die geneesheer, immuniseringsbeampte, ander beampte of persoon wat gemagtig is om sodanige immunisering uit te voer of sodanige ondersoek in te stel.

(2) Sodra 'n persoon onder die ouderdom van 16 jaar finaal teen poliomielitis of pokkies geïmmuniseer is, moet die geneesheer of immuniseringsbeampte wat die immunisering uitgevoer het die betrokke sertifikaat in die persoon se identiteitsdokument in duplo invul, naamlik die sertifikaat op bladsye 2A/2C in die geval van poliomielitis of die sertifikaat op bladsye 3A/3C in die geval van pokkies.

(3) Sodanige geneesheer of immuniseringsbeampte moet, nadat hy die betrokke sertifikaat ingeval het, bladsye 2C of bladsye 3C, na gelang van die geval, uit die persoon se identiteitsdokument verwijder en aan die Sekretaris pos.

